# Hoofstuk van die dag: Handelinge 27

> *“Manne, ek sien dat ons vaart van nou af gevaarlik sal wees en dat daar nie net groot skade aan die vrag en die skip gaan kom nie, maar ook lewensverlies.” (Hand 27:10)*

By die eerste lees van die verhaal kan ’n mens maklik dink

Paulus praat uit sy beurt. Hy was immers nie in die skeepsvaartbedryf nie. Dis ook wat die Romeinse offisier Julius gedink het (vers 11). Maar op ’n ander plek (2 Kor 11:25) vertel Paulus dat hy heelwat ondervinding van seereise (en skipbreuke!) gehad het. Hy het goed geweet in watter nagmerrie die beoogde seereis kon ontaard. Hierdie sou immers sy vierde skipbreuk word.
Ons roeping as gelowiges is om ons stem te laat hoor as mense dom dinge aanvang. Paulus het by God die versekering gekry dat hy nog in Rome moes kom, en het dus geweet dat hyself die reis sou oorleef. Hy kon stilgebly het en geredeneer het dis nie sy probleem nie. Só redeneer ’n gelowige egter nie, want die liefdesgebod vra dat ons aan ander ook moet dink (vgl Fil 2:4). Daarom het Paulus hom ook nie onttrek dat hulle maar sien kom klaar nie. In die storm was hy die een wat moed gegee het (vers 22).


## Onlangse Bydraes

- Voorspel tot die sondvloed
- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026